

Paas-Vryheid of 'n tronklewe?

Die tronk is 'n verskriklike plek om te wees. Om jou vryheid te verloor is net soveel 'n inperking van jou denke en emosies, as wat dit jou fisies toesluit in die gevangenis.

Die Bybel leer dat alle mense die gevangenis-lewe ervaar het. Trouens, die Bybel sê ons is in die tronk gebore. Dis 'n gevangenskap van die siel wat die Bybel beskryf as “geestelike dood”. En sommige kom nooit daar uit nie. Baie sterf sonder om ooit die ware vrye lewe te ervaar.

Efesiërs 2:1ff: Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte... Maar God het ons saam met Christus lewend gemaak.

Hierdie hoofstuk kontrasteer ons vorige doods-bestaan met ons huidige lewe as gelowiges in Christus wat nou *in die Liggaam van Christus*, voluit lewe. Ons lewe in die Kerk van die Here, want ons plaas ons vertrouwe in Christus alleen wat ons aanneem en deel maak van sy Liggaam, dit is sy Kerk. Dit is die lewens-vryheid wat ons deur die opstandingskrag van Christus wat ons in die Paastyd vier, ontvang het.

Dit is 'n woord van hoop.

Dit is 'n openbaring van die genade wat vir ons werklike vergifnis van sonde en bevryding van die doods-boeie geskenk het. Die lewe in die Liggaam skep die geleentheid om die liefde te van ons medegelowiges, ons familie in Christus en ons gemeente te ervaar en vir ewig in God se barmhartigheid te deel.

Besef jy hoe geseënd jy is? Verstaan jy hoeveel jy het om voor dankbaar te wees? Is die krag van die opstanding van Christus deel van jou daaglikse lewenservaring?

Deur die kennis van wat dit beteken om in die liggaam van Christus te lewe en bevry te wees van die gevangenis van sonde en die dood wys vir ons hoe vêr ons gevorder het met ons lewensreis saam met Christus.